GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2020

## 10712

## REKENINGKUNDE
## V2

**TYD:** **2 uur**

**PUNTE:** **150**

**14 bladsye + ’n formuleblad**

**b.o.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig na.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om jou vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as ’n gids om die vraestel te beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

| VRAAG 1: 35 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Versoening en BTW | **Finansiële Rekeningkunde**<br>Bankversoening<br>BTW<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Internekontrole<br>Etiek |

| VRAAG 2: 40 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vervaardiging | **Bestuursrekeningkunde**<br>Konsepte<br>Produksiekostestaat<br>Gelykbreekpuntontleding |

| VRAAG 3: 45 punte; 35 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vaste Bates en Voorraadwaardasie | **Finansiële Rekeningkunde**<br>Vaste Bates<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Voorraadwaardasie<br>Internekontrole |

| VRAAG 4: 30 punte; 25 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Begroting | **Bestuursrekeningkunde**<br>Kontantbegroting<br>Berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>Internekontrole |

**VRAAG 1: VERSOENING EN BTW** **(35 punte; 30 minute)**

1.1 **BANKVERSOENING**

Die volgende inligting rakende Woodmead Handelaars word aan jou voorgehou. Hulle benodig jou hulp met die opstelling van die Bankversoeningstaat vir Junie 2020. Die finansiële jaar eindig jaarliks op 30 Junie 2020.

**GEVRA:**

1.1.1 Identifiseer die items wat in die KOJ aangeteken moet word. (4)

1.1.2 Identifiseer die items wat in die KBJ aangeteken moet word. (3)

1.1.3 Voltooi die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2020. (7)

1.1.4 Verduidelik hoe die onderneming item 9 moes hanteer het. (2)

1.1.5 Was dit volgens jou 'n goeie besluit deur Woodmead Handelaars om 'n vaste deposito ten bedrae van R100 000 op 15 Junie 2020 aan te gaan? Verduidelik jou antwoord. Haal syfers of bewyse uit die vraag aan om jou antwoord te staaf. (3)

**INLIGTING:**

Die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2020 toon die volgende:

| | |
|---|---|
| **Gunstige saldo volgens Bankstaat** | R44 000 |
| **Uitstaande deposito (gedateer 31 Mei 2020)** | R55 200 |
| **Uitstaande tjeks:** | |
| Nr. 7155 (gedateer 15 Desember 2019) | R5 000 |
| Nr. 7710 (gedateer 20 Mei 2020) | R22 800 |
| Nr. 7747 (gedateer 31 Julie 2020) | R136 000 |
| **Ongunstige saldo volgens Bankrekening** | R64 600 |

Nadat die Bankstaat van Stander Bank met die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vergelyk is, het die volgende verskille aan die lig gekom:

Item 1 'n Deposito van R55 200 verskyn slegs op die Bankstaat van 1 Junie 2020 en nie in die Junie joernale nie.

Item 2 'n Deposito van R37 200 verskyn in die KOJ op 29 Junie 2020, maar nie in die Junie Bankstaat nie.

Item 3 'n Direkte deposito vir R10 000 is deur Oxford Produkte in die bankrekening van Woodmead Handelaars gemaak. Dit was ten opsigte van kommissie-inkomste. Die bedrag verskyn op die Bankstaat, maar nie in die hulpjoernale nie.

Item 4 Bankkoste van R1 070 kom voor op die Bankstaat, maar nie in die hulpjoernale nie.

Item 5 ’n Bedrag van R410 is op die Bankstaat gekrediteer vir rente. Die bedrag is nog nie in die joernale aangeteken nie.

Item 6 Die Bankstaat toon ’n geweierde tjek van R3 800. Die tjek is oorspronklik ontvang van M McGee ter vereffening van sy skuld van R4 500. Hierdie tjek is op 5 Junie 2020 in die KOJ aangeteken.

Item 7 Op 15 Junie 2020 toon die Bankstaat ’n gunstige saldo van R120 000. Woodmead Handelaars doen ’n direkte oorplasing van R100 000 op dieselfde dag na Maxima Bank, om sodoende ’n hoër opbrengs op ’n vaste deposito vir 6 maande te verkry. Die transaksie verskyn wel in die joernale, maar nog nie op die Bankstaat nie.

Item 8 Tjek nr. 7155 is verouderd en moet gekanselleer word. Die tjek is oorspronklik uitgereik as ’n donasie ten bate van die Renosterbewaringstrust, maar het in die pos verlore geraak. Daar is besluit om die donasie te verhoog en ’n EFO (elektroniese fonds oorplasing) vir R6 000 is aan die Renosterbewaringstrust gemaak. Geen inskrywings is al gedoen nie.

Item 9 Op 30 Junie 2020 het ’n debiteur J Collins ’n tjek gedateer 30 Julie 2020, ter vereffening van sy skuld van R12 200 as betaling aangebied.

Item 10 Tjek nr. 7710 vir R22 800 verskyn op die Bankstaat van Junie, maar nie in Junie se joernale nie.

Item 11 ’n EFO (elektroniese fonds oorplasing) van R15 400 verskyn in die KBJ op 30 Junie 2020. Op die Bankstaat gedateer 29 Junie 2020 is dit uitstaande.

Item 12 Op die Bankstaat verskyn daar ’n inskrywing vir R44 op 16 Junie 2020, met die opmerking “diverse”. Hierdie onregmatige inskrywing is deur ’n bankamptenaar gedoen en is bedrog. Die bedrag van R44 verskyn ook op die Bankstate van 16 April 2020 en 16 Mei 2020. Woodmead Handelaars het hierdie transaksies as ‘bankkoste’ aangeteken in die KBJ’s van April en Mei maand. Stander Bank het ingestem om al drie hierdie bedrae dadelik terug te skryf.

**19**

1.2 **BTW**
**EKUDIBENG HANDELAARS**

Die volgende inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van Ekudibeng Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2020. Alle goedere aangekoop en verkoop is onderhewig aan 15% BTW.

**GEVRA:**

Gebruik die onderstaande inligting om die volgende vrae te beantwoord.

1.2.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (A) tot (C). (7)

1.2.2 Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID op 29 Februarie 2020. Dui aan of die bedrag onder bedryfsbates of bedryfslaste in die Balansstaat aangeteken sal word. (7)

1.2.3 Gee TWEE moontlike redes vir die inskrywing van R576 aan die debietkant van die rekening. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Die volgende Algemene Grootboekrekening toon die konsolidering van die BTW Inset en BTW Uitset rekeninge:

**BTW- KONTROLEREKENING**

| 2020 Feb | 29 | Debiteure-kontrole | AJ | 576 | 2020 Feb | 29 | Bank | KOJ | 15 360 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Debiteure-kontrole | DAJ | 2 304 | | | Debiteure-kontrole | DJ | 23 040 |
| | | Krediteure-kontrole | KJ | **(A)** | | | Onttrekkings | AJ | **(C)** |
| | | Bank | KBJ | **(B)** | | | Krediteure-kontrole | KAJ | 1 800 |

**B. Addisionele Inligting:**

- Die totale krediet aankope vir Februarie 2020 is R138 000 (BTW ingesluit).
- 25% van alle goedere word vir kontant aangekoop.
- Die eienaar het handelsvoorraad met ’n kosprys van R6 000 (BTW uitgesluit) vir persoonlike gebruik geneem. Die onderneming handhaaf ’n winsopslag persentasie van 60% op kosprys.

## VRAAG 2: VERVAARDIGING (40 punte; 30 minute)

2.1 **MANGA VERVAARDIGERS**

Die volgende inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van Manga Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2020. Die onderneming vervaardig etniese komberse.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van grondstofvoorraad. (5)

2.1.2 Bereken die waarde van die direkte materiaalkoste uitgereik vir produksie. (4)

2.1.3 Bereken die direkte arbeidskoste. (8)

2.1.4 Voltooi die produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 September 2020. (11)

**INLIGTING:**

**A.** Grondstofvoorraad (Materiaal):

Die onderneming gebruik die EIEU metode van voorraadwaardering. Manga Vervaardigers het **16 160** komberse vervaardig vir die jaar geëindig 30 September 2020.

| | **Aantal meter** | **Prys per meter** | **Totale Bedrag (R)** |
|---|---|---|---|
| Aanvangsvoorraad | 2 400 | R162 | 388 800 |
| Slotvoorraad | 6 800 | ? | |

**B.** **Aankope en terugsendings** van grondstofvoorraad.

| | **Aantal meter** | **Prys per meter** | **Totale Bedrag (R)** |
|---|---|---|---|
| Oktober 2019 aankope | 11 000 | R162 | 1 782 000 |
| November 2019 aankope | 16 000 | R173 | 2 768 000 |
| Maart 2020 aankope | 4 000 | R168 | 672 000 |
| Maart 2020 terugsendings | (400) | R168 | (67 200) |
| | 30 600 | | 5 154 800 |

**C.** Arbeidskoste:

- Daar is tien fabriekswerkers en elkeen het 1 920 uur per jaar, teen 'n tarief van R25 per uur gewerk. Gesamentlik het hul 560 uur oortyd, teen twee keer die normale tarief per uur gewerk.

- Die fabrieksassistent word R80 000 vir die jaar betaal. Sy spandeer 75% van haar tyd om die fabriek skoon te maak en 25% van haar tyd om etikette op die komberse te stik.

- Die onderneming dra 1% by tot die WVF vir al hul werkers.

**D.** Ander koste vir die finansiële jaar (na al die aansuiwerings):

| | **2020 (R)** | **2019 (R)** |
|---|---|---|
| Totale vaste koste per eenheid | 252 | 227 |
| • Fabrieksbokoste per eenheid | ? | 206 |
| • Administratiewe koste per eenheid | 22 | 21 |

**E.** Voorraad saldo's wat voorgekom het in die boeke van Manga Vervaardigers:

| | **2020 (R)** | **2019 (R)** |
|---|---|---|
| Werk in proses voorraad | 20 000 | 60 000 |
| Klaarproduktevoorraad | ? | 520 000 |

Daar was 840 voltooide komberse voorhande aan die einde van die jaar.

## 2.2 MISCHKA MAGIC

Die inligting is aangaande Mischka Magic, 'n onderneming wat malvalekkers vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2020.

**GEVRA:**

2.2.1 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is om jaarliks die gelykbreekpunt te bereken. Verskaf TWEE redes. (4)

2.2.2 Verskaf 'n berekening om die gelykbreekpunt van 3 998 eenhede te bewys. (4)

2.2.3 Behoort Mischka bekommerd te wees oor die gelykbreekpunt van 2020? (4)

**INLIGTING:**

| | 2020 | | 2109 |
|---|---|---|---|
| | **TOTALE KOSTE** | **PER EENHEID** | **PER EENHEID** |
| Totale vaste koste | R109 945 | R54,97 | R52,50 |
| Totale veranderlike koste | R120 000 | R60,00 | R25,00 |
| Verkoopprys per houer | R87,50 | | R70,00 |
| Aantal houers vervaardig en verkoop | 2 000 | | 1 500 |
| Gelykbreekpunt | 3 998 | | 1 750 |

**40**

**VRAAG 3: VASTE BATES EN VOORRAADWAARDASIE (45 punte; 35 minute)**

3.1 **TALLIES BPK**

Die volgende inligting rakende Tallies Bpk vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020, word aan jou voorgehou.

**GEVRA:**

**Verwys na Inligting A.**

Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur **(A)** tot **(C)** in die Vaste Bate Nota. (12)

**INLIGTING:**

**A. Onvoltooide Vaste Bate nota:**

| | **VOERTUIE** | **TOERUSTING** |
|---|---|---|
| **Drawaarde (01/03/ 2019)** | | |
| Kosprys | 500 000 | 1 200 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | (480 000) | (350 000) |
| **Bewegings:** | | |
| Toevoegings | 460 000 | 0 |
| Bateverkope | ? | **(C)** |
| Waardevermindering | **(A)** | **(B)** |
| **Drawaarde (29/02/2020)** | | 600 000 |
| Koste | 460 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering | | |

- ’n Nuwe voertuig is op 1 Junie 2019 aangekoop.
- Op 1 Oktober 2019 is die onderneming se ou voertuig met ’n kosprys van R500 000, aan die plaaslike kinderhuis geskenk. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig was R480 000 op 1 Maart 2019.
- Verouderde toerusting is op 29 Februarie 2020 teen drawaarde afgeskryf.
- Waardevermindering word as volg bereken:
  Voertuie teen 15% op die kosprys
  Toerusting teen 20% op die drawaarde metode

## 3.2 VOORRAADWAARDASIE

Die volgende inligting is verkry uit die rekords van Sak en Pak vir die 2020 finansiële jaar. Die onderneming verkoop handsakke en reistasse. Die syfers aan jou voorgehou is ten opsigte van die Iccug handsak. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadopnamestelsel en die geweegde gemiddelde metode vir voorraadwaardasie.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 29 Februarie 2020. (10)

3.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020:
- Koste van Verkope (3)
- Brutowins (3)
- Gemiddelde voorraadhoudingstydperk (in dae) (5)

3.2.3 Behoort die eienaar tevrede te wees met die voorraadhoudings-tydperk hierbo bereken? Verduidelik. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)

**LET WEL:** Die voorraadhoudingstydperk vir 2019 was 65 dae.

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's:**

| DATUM | EENHEDE | TOTAAL (insluitende vraggeld) |
|---|---|---|
| 1 Maart 2019 | 90 | R25 640 |
| 29 Februarie 2020 | 194 | **?** |

**B. Aankope:**

| DATUM | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (vraggeld uitgesluit) | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 15 Maart 2019 | 350 | R280 | R 98 000 |
| 20 Julie 2019 | 624 | R310 | R193 440 |
| 9 September 2019 | 1 095 | R290 | R317 550 |
| 10 Februarie 2020 | 515 | R300 | R154 500 |
| **TOTAAL** | 2 584 | | R763 490 |

**C. Vraggeld op aankope:**

Spottie Aflewerings vervoer die handsakke na die onderneming teen 'n vaste bedrag van R20 per handsak. Hierdie bedrag het onveranderd gebly.

**D. Terugsendings:**

60 van die handsakke wat op 9 September 2019 aangekoop is, is aan die verskaffer teruggestuur. Die verskaffer het die onderneming met die kosprys per item gekrediteer, maar geen krediet is op die vraggeld van hierdie terugsendings toegestaan nie.

**E. Verkope:** 2 420 eenhede teen R450 elk

3.3 **FRIS & FIKS**

Fris & Fiks is 'n afdeling van Sports Groothandelaars. Voorraad word waardeer deur die EIEU metode te gebruik. Die eienaar is nie tevrede nie, aangesien die werklike syfers volgens die fisiese voorraadopname nie met die syfers volgens die Handelsvoorraad in die rekeningkundige rekords ooreenstem nie.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN probleem in terme van hoe elke produk bestuur is ( drie verskillende probleme). Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee raad hoe elk van die probleme prakties aangespreek kan word. (9)

| | **Gimnasium handdoeke** | **Gholf hoedjies** | **T-hemde** |
|---|---|---|---|
| Aanvangsvoorraad in eenhede | 120 | 80 | 150 |
| Aankope in eenhede | 5 600 | 960 | 1 200 |
| Aantal verkope vir die jaar in eenhede | 4 800 | 840 | 930 |
| Slotvoorraad in eenhede | 810 | 200 | 420 |
| Verkoopprys per eenheid | R45 | R125 | R350 |
| Tydperk van voorraad voorhande | 50 dae | 70 dae | 215 dae |
| Kontant gedeponeer vir die jaar | R216 000 | R100 000 | R325 500 |

**45**

**VRAAG 4: BEGROTING** **(30 punte; 25 minute)**

Die inligting aan jou verskaf is ten opsigte van QwaQwa Suiwelprodukte. Die onderneming verkoop suiwelprodukte met ’n rakleeftyd van twee maande. Die finansiële jaar eindig op 31 Mei 2020. Die onervare boekhouer lê die Kontantbegroting voor vir die drie maande geëindig 31 Augustus 2020. ’n Aantal foute het in die begroting voorgekom.

**GEVRA:**

4.1 Identifiseer TWEE items wat nie in hierdie kontantbegroting hoort nie. (2)

4.2 Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir Julie en Augustus 2020. (4)

4.3 Die eienaar wil beter beheer oor debiteure verkry. Kredietterme is 30 dae.

4.3.1 Verduidelik waarom die eienaar bekommerd is. Gee TWEE redes met syfers om jou mening te staaf. (4)

4.3.2 Gee EEN voorstel wat hy kan implementeer om die situasie te verbeter. (2)

4.4 Bereken die volgende:

4.4.1 Die uitstaande syfers gemerk deur (a) tot (c). (8)

4.4.2 Die verwagte rente op lening wat in Augustus 2020 betaal moet word. (4)

4.4.3 Winsopslag persentasie behaal vir die jaar geëindig 31 Mei 2020. (3)

4.5 Lewer kommentaar of die verandering in winspersentasie ’n goeie besluit was al dan nie. Toon relevante syfers om jou antwoord te staaf. (3)

**INLIGTING:**

**A.** Die volgende inligting is verkry van die finansiële state op 31 Mei 2020 en 2019.

| | **2019** | **2020** |
|---|---|---|
| Verkope | ? | 1 875 000 |
| Koste van Verkope | 900 000 | 1 250 000 |
| Winsgrens | 70% | ? |

**B. Na verwagting sal debiteure hul rekeninge as volg vereffen:**

- 30% in dieselfde maand van verkope
- 40% in die daaropvolgende maand
- 25% in die tweede maand na verkope
- Die res sal as oninbaar afgeskryf word in die derde maand.

**C.** Die onderneming het drie werknemers wat dieselfde salaris verdien. Hulle sal 'n verhoging van R900 vanaf 30 Junie 2020 ontvang. Een werker sê sy kind het siek geword en gevolglik het hy glad nie in Junie vir werk opgedaag nie. Hy het ook glad nie sy bestuurder gekontak om die situasie te verduidelik nie.

**NB:** Beleid van QwaQwa Suiwelprodukte is geen werk geen betaling.

**D.** Munisipaledienste sal na verwagting met 10% daal in Augustus as gevolg van beurtkrag en wateronderbrekings.

**E.** Die eienaar, Me Padi beplan om saam met haar familie met vakansie te gaan gedurende Augustus. Sy sal gevolglik een derde meer as haar gewone onttrekkings neem.

**F.** 'n Lening is op 29 Februarie 2020 ontvang. Die paaiement en rente teen 12% per jaar sal op 31 Augustus 2020 betaal word.

**G. Uittreksel van die Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Augustus 2020:**

| Ontvangstes | JUNIE | | JULIE | AUGUSTUS |
|---|---|---|---|---|
| | BEGROOT | WERKLIK | BEGROOT | BEGROOT |
| Kontantverkope | | | | |
| Kontant ontvang van debiteure | 57 200 | 52 500 | 73 850 | **?** |
| Korting ontvang | 2 300 | 2 400 | 2 500 | 2 500 |
| Huurinkomste | 5 000 | 5 000 | 5 200 | 5 200 |
| **Betalings** | | | | |
| Totale koste van verkope | 200 000 | 210 000 | 190 000 | 180 000 |
| Krediet aankope van voorraad | 145 000 | 153 000 | 148 000 | 137 000 |
| Verlies met verkoop van bate | - | - | 1 900 | - |
| Salaris | 23 700 | **(a)** | 23 700 | 23 700 |
| Munisipaledienste | 4 000 | 4 800 | 4 000 | **(b)** |
| Waardevermindering | 7 500 | 7 800 | 7 500 | 7 500 |
| Lening terugbetaling (insluitende rente) | - | - | - | 26 500 |
| Onttrekkings (Kontant) | 27 000 | 27 000 | 27 000 | **(c)** |

**H.** Debiteure-ouderdomsanalise op 30 Junie 2020

**KREDIETTERME: 30 dae**

| Bedrag uitstaande | 30 dae | 60 dae | 90 dae | 120 dae |
|---|---|---|---|---|
| 121 500 | 47 385 | 38 880 | 21 870 | 13 365 |
| | 39% | 32% | 18% | 11% |

**30**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates : Totale laste | Bedryfsbates : Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | Niebedryfslaste : Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (* Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**Nota:**

* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

**EINDE**